# Die Wonderwerke van Jesus



# *Die Wonderwerke van Jesus*



1. Jesus maak die storm stil……………………….1

2. Jesus genees 'n verlamde man …………………7


3. Jesus genees 'n blinde man ……………………14

*Prente deur Kees de Kort – Bybelgenootskap*


Hierdie boek behoort aan ……………………………….

# Jesus maak die storm stil    Lukas 8 : 22 - 25


22. En op een van daardie dae het Jesus en sy
dissipels in 'n skuit gegaan;
en Hy het vir hulle gesê:
Laat ons oorvaar na die oorkant van die see.



En hulle het weggevaar.



23. En terwyl hulle seil, raak Jesus aan die slaap.



Toe kom daar 'n stormwind op die see af




en die skuit het begin vol word,
en hulle was in gevaar.




24. En hulle het na Hom gegaan en Hom wakker gemaak en gesê:
Meester, Meester, ons vergaan!




En Hy sê vir hulle: Waar is julle geloof?



Hy staan toe op en bestraf die wind en die watergolwe



en hulle het bedaar en daar het 'n stilte gekom.



25. En die dissipels was bang en verwonderd



en het vir mekaar gesê:
Wie is Hy tog, dat Hy selfs die winde en die water gebied en hulle Hom gehoorsaam is!






# <u>Jesus genees 'n verlamde man</u>


Markus 2:1–12

1. En ná 'n paar dae het Jesus weer in Kapérnaüm gekom, en die mense het gehoor dat Hy in die huis was.


2. En dadelik het baie saamgekom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie; en Hy was besig om aan hulle die woord te verkondig.




3. En daar kom mense na Hom met 'n verlamde man wat deur vier gedra word.




4. En toe hulle vanweë die skare nie naby Hom kon kom nie, maak hulle die dak oop waar Hy was,






en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak.






5. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!



6. En sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en in hulle harte geredeneer:

7. Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?


8. En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte?




9. Wat is makliker, om vir die verlamde te sê:
Die sondes is jou vergewe!
of om te sê:
Staan op en neem jou bed op en loop?

10. Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe—sê Hy vir die verlamde man:

11. Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.



12. En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit,





sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: So iets het ons nog nooit gesien nie!




# <u>Jesus genees 'n blinde man</u>

Markus 10: 46 – 52


46. En hulle het in Jérigo gekom.



En toe Hy en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jérigo uitgaan, sit die blinde man, Bartiméüs, die seun van Timéüs, langs die pad en bedel.



47. En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!





48. En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly;



maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig!

49. Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.





50. En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe.

51. En Jesus sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?



En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.



52. En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.

